Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Die werkers wat hulself as klas wil organiseer, het net hul eie kragte om op staat te maak*




*Die werkers wat hulle by die Ossewabrandwag voeg, geniet die samewerking van die hele volk.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 22 SEPTEMBER 1943. No. 44.

# Suid-Afrika die Prooi van Chaos en Anargisme

## UITKOMS NA 'N GESLAG

Die kabinet het glo dan nou [illegible]elik in beginsel besluit op die bou van 30,000 huise per jaar. Daar is egter aangekondig dat ons land 'n tekort aan meer as 500,000 wonings op die oomblik het. Nadat die oorlogsbewind hom nie alleen in al die jare niks oor die volk se huisvesting bekommer het nie, maar selfs vir 'n lang tydperk alle bouery stopgesit het, hoop hy nou om die woningnood van 500,000 op te hef deur die bou van 30,000 huise per jaar. As daar geen bevolkingsaanwas intussen plaasvind nie, sal die volk se huisvesting darem oor TWINTIG JAAR normaal wees. Teen daardie tyd sal, volgens verloop van die partypolitiek, die huidige kabinet egter viermaal reeds weer om sy lewe by die stem moes gaan veg het — waarskynlik oor moedertaalonderwys.

## EENHEID SE DOOD

### Mnr. Minnie Uitgemaak vir „Sapkandidaat"

In 'n verklaring aan Die Burger meld mnr. Eric Louw dat mnr. J. C. C. Minnie „nou die kandidaat van die Sap-O.B.-kombinasie teen die H.N.P." in Beaufort-Wes is. „Tot kort gelede was 'n Sap van Prins Albert in die veld as 'n moontlike kandidaat, maar na 'n onlangse besoek aan Beaufort-Wes het hy besluit om terug te staan, en mnr. Minnie kon dus met sy kandidatuur voortgaan," skryf mnr. Louw, en verwys dan na die parlementêre verkiesing toe mnr. Minnie as onafhanklike kandidaat sou staan, maar op die laaste oomblik teruggestaan het toe die Verenigde Party 'n kandidaat benoem het.

Mnr. Louw meld egter nie dat mnr. Minnie destyds **ten gunste van mnr. Eric H. Louw** teruggestaan en 'n beroep op sy volgelinge gedoen het om vir mnr. Louw te stem nie. **Mnr. Minnie het selfs vergaderings ten behoewe van mnr. Louw gehou,** maar al dank wat hy daarvoor gekry het is die beskuldiging deur mnr. Louw dat hy „bang was om te staan".

**Wat ook vergeet word, is dat mnr. Minnie die sittende L.P.R. vir Beaufort-Wes is, maar dat die hoofleiding van die H.N.P. geweier het om sy benoeming as kandidaat van die party goed te keur weens sy goedgesindheid teenoor die Ossewabrandwag.** Omdat sy kiesers soveel vertroue in hom gestel het dat hulle hom weer benoem het ondanks die weiering van die partyleiding, is mnr. Minnie nou 'n Sapkandidaat. **As hy egter net bereid was om sy betrekkinge met die Ossewabrandwag te verbreek, al het hy nog daarna bly glo aan die Volksbeweging, sou hy aangeprys gewees het as die amptelike kandidaat van mnr. Louw se party. Dan sou daar geen smet op hom gerus het nie!**

Dit is hierdie gees van vyandskap wat tussen ons volk en sy eenheid staan — daardie gees naamlik om in die mede-Afrikaner wat op een puntjie van die eie-party verskil, 'n heiden en tollenaar te sien wat in die buitenste duisternis gesmyt moet word.

## Kapitalisme Selfs Magteloos Om Volk te Huisves en te Voed

### Gesagstaat Alleen Kan Orde Bring

**Die beriggies wat hieronder herdruk word, is almal afkomstig uit die dagblaaie wat in die afgelope paar weke in ons land verskyn het. Hulle verteenwoordig maar 'n klein persentasie van die groottotaal, met almal dieselfde strekking, wat wel verskyn het. Hierdie berigte werp 'n felle lig op die ontsettende chaos wat vandag op alle terreine van ons volkslewe rondom ons heers.**

**Uit 'n paar van die beriggies merk ons die byna patetiese pogings van die Regering om die chaos te beëindig of om dit minstens te probeer wegpraat. Maar die wrede werklikheid beklemtoon net maar die magteloosheid van ons kapitalistiese bewind om orde te skep uit die chaos en om sosiale reg en geregtigheid aan die volk te laat geskied.**

**Hierdie berigte openbaar tewens ook die dringende noodsaaklikheid vir die totstandkoming van 'n Suid-Afrikaanse Gesagstaat — sowel nasionaal as sosiaal van aard — wat die mag sal hê om orde in ons land te herstel en die wil sal hê om sosiale regverdigheid onwankelbaar te vestig.**

**VERVOERPOSISIE GEVAARLIK.**

„Ek kan u die versekering gee dat in soverre dit padvervoer in die land betref, die posisie nie alleen benard is nie maar gevaarlik," het minister Sturrock op Johannesburg verklaar.

**GEEN SOMERVAKANSIE VIR PA, MA EN PIETIE NIE.**

Die S.A.S. het die volgende verklaring uitgereik: Met die oog op die moeilikheid wat ondervind word, en om in die openbare behoeftes te voorsien sowel wat passasiers as goedere betref, word dit gerade geag om vir algemene kennisname te verklaar dat dit vir die Spoorwegadministrasie onmoontlik is om die gewone treindienste gedurende die komende somermaande uit te brei.

**DIE MISKENDE BOER.**

In plaas van 'n bietjie erkentlikheid vir hul getroue en goeie diens aan hul land in hierdie kritieke krisistyd, word die boere van Suid-Afrika aan baie onregverdige kritiek onderwerp, het majoor E. W. Hunt, voorsitter van die Transvaalse Landbou-unie, in sy voorsittersrede op die jaarkongres van die Unie verklaar.

Ten spyte van die menigvuldige moeilikhede waarmee hulle te kampe het, **soos die hoë pryse van landboubenodighede, en ten spyte van ontoereikende voorrade bemestingstowwe en dipstowwe en die tekort aan plaasarbeid, het die boere daarin geslaag om genoegsame voorrade voedsel te produseer.**

**As dit nie vir die ywer en vernuf van die boere was nie,** het hy gesê, sou die militêre owerheid heelwat moeilikheid ondervind het om die troepe en krygsgevangenes te voed en sou produksie reeds tot stilstand gekom het, nie alleen in die myne nie, maar ook in baie van die Unie se fabrieke.

**LANDBOU-DEPT. VERGEET DIE BOERE**

Die jaarlikse kongres van die Transvaalse Landbou-unie het die volgende mosie aangeneem:

**„Hierdie kongres spreek sy diepste teleurstelling en leed uit dat die Ondersekretaris en ander amptenare van die Departement van Landbou dit goed geag het om die georganiseerde boere van Transvaal te beledig deur hul afwesig te hou van al die beraadslagings van die jaarlikse kongres."**

**Majoor Doyle, ere-president, het verklaar dat dit die eerste keer in 40 jaar is dat soiets gebeur.**

**TEKORT AAN VLEIS**

Die „swart mark" word in 'n memorandum wat voorgelê sal word deur die Cape Butcher and Slaughtermens Association aan die kommissie wat nou in Kaapstad ondersoek na die vleisposisie instel, genoem as een van die vernaamste redes vir die vleistekort.

As ander oorsake noem die vereniging die spekulatiewe aankoop van veetroppe, die tekort aan trokke en foutiewe distribusie.

**NARTJIES VROT.**

Die dépôt van die Sitrusraad in Kaapstad het heelwat moeilikheid met die Wes-Kaaplandse nartjie-oes. Twee weke al stroom voorrade so toe dat die dépôt nie kan voorbly nie en nartjies dikwels oorgedra moet word, **met die gevolg dat verrotting op onrusbarende skaal ingetree het.**

**70% VAN DIE BEVOLKING IN 12% VAN DIE VOLKSINKOME.**

Dit is onrusbarend om te ontdek dat sedert 1934 die bydrae van alle vertakkinge van landbou in Suid-Afrika tot die nasionale inkomste van die Unie, met inbegrip van die produksie van naturelle en kleurlinge, sowel as die voedselproduksie in en om die stede en dorpe van persone wat eintlik nie landbouers is nie, nooit meer as 13% was nie, aldus 'n artikel van mnre. S. J. J. de Swardt en A. J. du Plessis van die Departement van Ekonomie en Markte wat in die Augustus-nommer van „Boerdery in Suid-Afrika" verskyn het.

**Hierdie syfers is nog meer onrusbarend wanneer in gedagte gehou word dat hierdie inkomste wat gemiddeld 12% van die totaal uitmaak feitlik die inkomste van ongeveer 696,000 blankes en byna 6,000,000 nie-blankes — onge-**

(Vervolg op bls. 2 kolom 2)

## DUBBEL SO STERK

**Nog 'n bewys hoe die Ossewabrandwag in die afgelope jaar gewen het aan innerlike krag, word gebied deur die kommando's van Graaff-Reinet. Toe die Beweging in sy fleur was wat getalle betref, het Graaff-Reinet nooit daarin geslaag om meer as £80 in te samel op 'n funksie nie. Verlede jaar op 8 Augustus, toe die stryd op sy hewigste gewoed het, is £65 ingesamel, maar vanjaar het die organisasie so aan daadkrag toegeneem dat die skitterende bedrag van £140 byeengebring is — dus bykans dubbel soveel as in die „goeie ou dae".**

**Die Ossewabrandwag staan vandag baie sterker as ooit tevore. As daarby in aanmerking geneem word dat hy sy tienduisende ondersteuners tel onder daardie Afrikaners wat òf deur noodregulasie òf weens politieke vooroordeel belet is om openlik hul kragte in te gooi, kan enigsins 'n besef gevorm word van die werklike krag van die Volksbeweging.**

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van drosdy-tabak kry.

drosdy die rypste tabak bekend.



drosdy-TABAK IS IN OU WYNVATE BELEË

**W. F. CARSTENS**
(Edms.) Bpk.
BEGRAFNISONDERNEMERS en BLOEMISTE
Centralweg 52, Fordsburg
Beckettsgebou, Presidentstraat, Johannesburg
DIENS ONOORTREFLIK — PRYSE LAAG

## Schoemanello Drank . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraal-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 38/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn. F.C. | 6/9 | 6/- | 33/- |
| **LIKEUR-BRANDEWYN:** | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
**JURGENS SCHOEMAN,**
**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**



**ONDERSTEUN U BLAD DEUR U ADVERTEERDERS TE ONDERSTEUN**


# SUID-AFRIKA DIE PROOI VAN CHAOS

(Vervolg van bls. 1)

**veer 70% van die Unie se bevolking verteenwoordig.**

### EERS EUROPA.

In 'n onlangse onderhoud met 'n verteenwoordiger van Reuter het veldmaarskalk Smuts sy oë styf-toe geknyp en in die duister 'n visioen probeer skilder. Hy het o.a. gesê:

,,Ons eerste taak (na die oorlog) sal wees om **Europa** te voed en 'n skyn van orde te handhaaf, want wanneer mense honger is veg en moor hulle . . . Wanneer ons **Europa** dan gevoed en die een of ander soort normale toestand herstel het, sal ons begin bou aan die nuwe hemel op aarde waarna almal gretiglik verlang.''

Ons wonder wie se taak dit tog sal wees om voedsel, kleding en onderdak aan **Afrikaners in Suid-Afrika** te gee? **Dis goed vir ons volk om te weet dat hy sy eie volksorganisasie het.**

### TEKORT AAN KRAAMGERIEWE.

,,Geneeshere meen dat daar jaarliks tussen 4,000 en 5,000 moeders in Kaapland is wat nie by die geboorte van hul kinders die regte behandeling ontvang nie. **Dis in hoofsaak aan die tekort aan Kraamgeriewe te wyte.''**— Die Burger, 27 Aug. 1943.

### ROMMEL WORD INGEVOER.

,,Enige maande word hierdie land nou al oorstroom met hoeveelhede van wat ek beskou as onnodige voorrade vir die handel'', sê die voorsitter van Benoni se Kamer van Koophandel in sy maandelikse verslag. **,,Nog nooit voorheen,'' lui sy verslag o.m., ,,is daar soveel rommel en waardelose goed die land ingevoer nie.''**

### GEEN HUISE NIE.

Die tekort aan wonings in S.A., meer bepaald in die groot stede, het 'n kritieke stadium binne-gegaan. Berigte uit Durban en Kaapstad dui daarop dat huisvesting aldaar byna onbekombaar is. Op die Rand is die toestand so haglik dat pogings tans aangewend word om 'n vergadering van die Randse L.V.'s te belê, ten einde 'n plan van aksie op te stel.

Honderde ontslane soldate, afgesien van werkers wat aan die tuisfront diens doen, kan eenvoudig nie daarin slaag om 'n huis of 'n woonstel in die hande te kry nie.

**Huisagente erken dat dit geen ongewone verskynsel in hul kantore is vir vroue om in trane uit te bars wanneer hulle meegedeel word dat daar geen die minste vooruitsigte op akkommodasie bestaan nie.**

### NÊRENS 'N DEKSEL VIR SY HOOF NIE.

Onderstaande is die eie weergawe van die ervaring van 'n Suid-Afrikaanse leër-korporaal ten opsigte van sy vrugtelose soektog na 'n huis of 'n woonstel in Johannesburg, soos gepubliseer in die ,,Sunday Times'':

,,Ek het so pas teruggekeer met verlof van Durban af waar my vrou en ek elkeen £10-8-0 in 'n losieshuis betaal het. My vrou verwag 'n baba en ek hoop om na Johannesburg verplaas te word. Ons het in enkele kamer waarvoor ons £2-10-0 per week betaal. Sedert 10 Oktober was ek by elke huisagent, het ek talle woonstelle besoek en het ek selfs so ver as Roodepoort gegaan. **Een woonstel is my aangebied vir £25 per maand.** Ek verdien £27 per maand. Ek het 2½ jaar in die Noorde geveg. Vra ek te veel as ek 'n woonstel begeer soos ek gehad het toe ek aangesluit het om te gaan veg vir ordentlikheid en regverdigheid?''

### DIE KERK — ALLEEN EN BESORG.

Die geweldige omvang en snelle uitbreiding van die armesorgwerk wat deur die N.G. Kerke gedoen word en die wyse waarop die Departement van Volkswelsyn onder leiding van mnr. G. A. C. Kuschke, die Direkteur, die samewerking tussen die staat en kerk versteur het, is deur 'n afvaardiging van die Federale Armesorgraad van die N.G. Kerk in 'n onderhoud met die Eerste Minister uiteengesit.

### SMUTS PROBEER SY SWAKKE BES.

Dat veldmaarskalk Smuts glad nie onbewus is van die meetlose anargisme wat sy bewind kenmerk nie, getuig sy lap-pogingkies om te red wat so onverbiddelik onder al sy hande-gevrywe reddeloos verlore gaan.

Het die Veldmaarskalk dan nie onlangs sy kabinet herskommel en drie nuwe ministeries gevorm nie? In die lig van die huidige chaos, kyk tog hoe betekenisvol is hul name: Vervoer; Welsyn en Demobilisasie ('n lang naam vir kos vir die volk); en Ekonomiese Ontwikkeling (wat vandag spesifiek beteken: Huise vir die volk).

Hoe genl. Smuts ook al aanstel en indeel, binne die kapitalistiese stelsel bly dit maar 'n opeenstapeling van magteloosheid.

Ons weet dat geen kabinetsherskommelings of die stigting van nuwe ministeries orde sal herstel of volkswelvaart sal verseker nie. **Net maar die algehele verwydering van die kapitalistiese stelsel en die vestiging van 'n S.A. gesagstaat kan dit doen.**

### LAWRENCE PRAAT TOG SO MOOI.

Mnr. Harry Lawrence, die Minister van Welsyn, het die volgende welsyn **gepraat:**

,,Die hoofdoel wat die Regering hom gestel het, is nie alleen om produksie te bevorder, terwyl ons terselfdertyd teen die uitputting van ons grond waak nie, maar dit is ook om toe te sien dat elke persoon in die land minstens die basiese lewensnoodsaaklikhede bekom. Hierdie doel impliseer skemas vir die voeding, behuising ,opvoeding en werkvoorsiening vir 'n gesonde volk.

### FOEI, DIE PARTYPOLITIEK.

**In die lig van hierdie erbarmlike en chaotiese toestande wat in ons land heers, is dit tekenend dat die partypolitici 'n eleksie wil hou oor die taalmedium op skole. Ons volk het nie kos, klere en huise nie en nou moet ons gaan twis oor die taal wat ons kinders op skool moet leer — 'n saak wat vergeet al deur onderwysmanne uitgeveg en beslis is.**

Die stomme partypolitiek!

### NET EEN REDDING.

**Ons volk het net een redding. Dit lê in die gebruikmaking van sy eie, innerlike organiese krag. Hierdie krag is reeds georganiseer en gemobiliseer in die volk se eie organisasie — die Ossewabrandwag. Dit is die volk se redmiddel. Dit is sy magtige wapen. Hieroor beskik hy. Die volk se oorwinning sal volledig wees as hy hierdie wapen gebruik het om die kapitalistiese staat te vervang met 'n Gesagstaat, sowel nasionaal as sosiaal van aard.**


**Die Afrikaner-motoreienaar se tuiste in die teenswoordige motorwêreld.**

**Sy sterkte en Mekka in die na-oorlogse motorwêreld. Sorg dat u daarin bly as u reeds 'n TREKKER is — of sluit sonder versuim aan.**

V. [illegible]
Groote-Kerkgebou,
Adderleystraat,
KAAPSTAD,

VLAM, BPK.,
Groote-Kerkgebou.
Adderleystraat,
KAAPSTAD.

*Takkantore dwarsdeur die Unie van Suid-Afrika en Verteenwoordiging in Suidwes-Afrika.*



MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

## ,,Die Gedissiplineerde Afrikanerdom''

*DIE PRENT VAN DIE JAAR.*

Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.

Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.

- Verering van Boerehelde.
- 'n Blik uit die slag van Amajuba.
- Die Stille skoonheid van die Wildtuin.
- Romantiese tonsel in die hoofstad van Oom Paul.
- 15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

*('n Roaf-Vertoning.)*

IN KAAPLAND, GEBIED A :

| | | | |
|---|---|---|---|
| HOFMEYR .. .. .. | 14 Sept. | BARKLY-OOS .. .. | 22 Sept. |
| CRADOCK .. .. .. | 15 Sept. | LADY GREY .. .. | 23 Sept. |
| TARKASTAD .. .. | 16 Sept. | ALIWAL-NOORD .. | 24 Sept. |
| STERKSTROOM .. | 17 Sept. | BURGERSDORP .. | 25 Sept. |
| DORDRECHT .. .. | 18 Sept. | JAMESTOWN .. .. | 27 Sept. |
| INDWE .. .. .. | 20 Sept. | VENTERSTAD .. .. | 28 Sept. |
| ELLIOT .. .. .. | 21 Sept. | COLESBERG .. .. | 30 Sept. |


## FONDS VIR AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

By geleentheid van die groot protesvergadering in verband met die U.K. O.V.S. se taalbeleid voorverlede week in Bloemfontein, is 'n groot fonds gestig met die oog op 'n ,,vrye Christelike Afrikaanse universiteit''. Die fonds gaan onder die naam van Ons Moedertaal-strydfonds en as trustees daarvoor is die N.G. Kerk van die Vrystaat aangewys. 'n Beroep is op alle Afrikaanse liggame gedoen om fondse in te samel vir die doel. Meer as £2,500 is net die eerste dag al ingesamel, waartoe ook van O.B.-kant bygedra is.

Dit is geen partypolitieke aangeleentheid hierdie nie, maar 'n saak vir ons hele volk. Die Vrystaat se Afrikaners het die reg en die plig om hul kinders na 'n universiteit te stuur waar hulle in hul moedertaal opgelei kan word, net soos Natal 'n inrigting vir die Engelse het. In laasgenoemde provinsie is een-kwart van die blanke bevolking Afrikaners, terwyl die Engelse in die Vrystaat maar net een-sewende van die bevolking uitmaak.

## *VERJAARDAGKETTING*

**23 Sept.:** Pieter Wium (dist. Stellenbosch), Japie Vernooi (Beaufort-Wes), Carina du Plessis (Noorder-Paarl), Johan Frederik H. Mostert (dist. Beaufort-Wes), W. J. Kruger Pk. Maizefield).

**25 Sept.:** Ella Wagenaar (Ceres), Johanna Catharina Franken (Caledon), Cornelia Johanna de Bruyn (Pk. Karreedouw).

**26 Sept.:** Hester Barnard (George), Harriet Burgers (Bellville), Fesia Weidemann (Cradock), Naomi Serfontein (P/S. Addo), Johannes de Jager (Pietersburg), Cornelus Visagie (Pietersburg), Anette Germishuys (Parow), Katharina Burger (Goodwood).

**27 Sept.:** Pierre Francois de Vos (Beaufort-Wes), Emma Deysel (Pearston), Christina Johanna Blom (Merweville).

**28 Sept.:** Gastieve Gerber (George), Hennie Laubscher (Noorder-Paarl), Helena Kriel (Mosselbaai), Rudolf Viviers (Upington), Esmie Redemann (Carnarvon), Ada van Niekerk (Golden Valley), Sarel Jacob van der Walt (Pos Blanty).

**29 Sept.:** Danie Geldenhuys (Stellenbosch), Maria Magdalena Marcus (Port Elizabeth), George Stephanus Malherbe (Vryburg), Josias Stephanus Victor (Wynberg), Susanna Kitshoff (Woodstock).

## SENTIMENT IN BESIGHEID

In 'n onlangse uitgawe van die handelsblad Industry and Trade word beswaar gemaak teen die bysleping van Afrikanersentiment in die besigheidswêreld. Die blad maak beswaar daarteen dat Afrikaanse nyweraars die handelswêreld ingaan as ,,Afrikaners'' in plaas van as nyweraars wat op gelyke voet met ander elemente meeding, ongeag hul nasionaliteit. Ons kan die blad verseker dat die Afrikaner veral tydens die oorlogskaarste aan benodighede baie deeglik bewus geword het van die nasionaliteit van nie-Afrikaanse besighede wanneer hy gedurig met priemende leedvermaak in Engels van agter die toonbank afgesnou is. Die Afrikaner het tydens hierdie oorlog al soos 'n bedelaar begin voel in nie-Afrikaanse besighede. Dat hy dus vandag op sentiment koop en na die oorlog nog sal bly koop, moet die uitlander aanneem as 'n feit waarvoor hyself verantwoordelik is. Na die oorlog sal hy wel genoeg tyd agter sy toonbank hê om hierdie waarheid te beklaag.

# Niemand te Jonk om Volk te Dien

## *Randse Boerejeug Ontvang Hul Leier*

**Die Boerejeug van Oos-Rand het op Saterdag, 11 September, 'n skitterende ontvangs vir die Jeugleier, genl. Dirk van Rooy gegee. Die funksie, wat op die Brakpanse voetbalveld gehou is, was gekenmerk deur die puik parades van die sowat 300 Boereseuns en Boeredogters. Die saluut-parade, gelei deur 'n orkes van blaasinstrumente en tamboere, het die hoogtepunt uitgemaak. Soos 'n geoefende militêre eenheid het die jongspan op maat van die tamboere verby die verhoog marsjeer terwyl genl. Van Rooy die saluut geneem het.**



*Boere-jeugleier.*

Besondere melding verdien ook die parade van 'n afdeling van 15 Boereseuns-offisiere van Pretoria. Deftig geklee in rybroek en kamas en 'n groen veer in die hoed het hulle gemarsjeer soos 'n mens maar kan verlang. Die O.B. het gekom om die Afrikanervolk te dissiplineer en die Boerejeug het Saterdag getoon dat hulle hierin die voortou gaan neem.

Dit was genl. Van Rooy se eerste openbare optrede as Jeugleier en hy het by hierdie geleentheid 'n besielende boodskap aan die Jeug van ons volk gerig en ook die verhouding van die Boerejeug tot die „groot" O.B. verduidelik. Die Jeugleier het daarop gewys dat die jeug nou selfstandig binne die Volksbeweging georganiseer word. Voortaan sal elke afdeling van die Boerejeug werk in die besef dat hulle 'n deel is van een groot jeugorganisasie van ons volk.

„Dit beteken egter nie dat ons nou mondig is en ons bors uitdagend teenoor die „groot" O.B. kan uitsteek nie. Ons is en bly lede van die O.B. en sal by elke geleentheid as sodanig optree. Van elke offisier van die Boerejeug word verwag dat hy/sy steeds met agting en respek teenoor die „groot" O.B. sal optree. Ook van die Boerejeug as geheel word dit verwag."

Spr. vertrou dat daar by die plaaslike afdelings altyd die nodige samewerking tussen die Boerejeug en die „groot" O.B. sal wees en dat die Boerejeug op elke sametrekking van die „groot" O.B. plek sal kry. Immers die K.G. het spr. verseker dat dit sal gebeur.

Genl. Van Rooy het beklemtoon dat die naam Boerejeug 'n ere-naam is waarin al die ideale van ons jeug opgesluit lê, nl. dat ons die Boerevolk wil dien. Hy het aan die lig gebring dat ons K.G., dr. Hans van Rensburg die naam in 'n gesprek aan die hand gegee het en dat dit dadelik byval gevind het.

„Ons Kommandant-generaal is een van die bande wat die „groot" O.B. en die Boerejeug aanmekaar snoer. Ons het net één leier, ons K.G.," het genl. Van Rooy onder geweldige toejuiging verklaar.

### BOODSKAP

Die Jeugleier se boodskap aan die Boerejeug was na aanleiding van die O.B.-leuse „My God, My Volk, My Land, Suid-Afrika".

As Boerejeug bely ons die God van ons voorouers en glo ons in Hom. Maar dit is nie slegs 'n mondbelydenis nie. Ons wil dit ook in die daad uitleef. **Ons Christelike deugde moet in elke optrede uitstraal. Geen lasterlike of vloektaal sal van 'n lid van die Boerejeug geduld word nie.**

**Ons is lede van die Boerevolk en ons gaan van die standpunt uit dat niemand van ons te jonk is om ons volk te dien nie.** Ons het genoeg voorbeelde van jong helde in ons geskiedenis. Dink maar aan Dirkie Uys wat terwille van sy volk die dood ingegaan het. Daar is die jong Elsabe Nel (toejuiging) wat die tronk trotseer het omdat sy nie verraad teenoor volksgenote wou pleeg nie. Spr. is daarvan oortuig dat as omstandighede so mag kom daar ook baie ander kinders sal wees wat liewer na die tronk sal gaan as om hul mede-Afrikaners te verraai.

Ons kan alleen as volk bly staan as ons mekaar se hand vat. Daarom wil ons in die Boerejeug reeds die gedagte van saamhorigheid kweek. Ons is almal deel van die Boerevolk en sal mekaar steun want ons leuse is „Elkeen vir almal en almal vir elk." **In die Boerejeug ken ons geen Nat of Sap of wat ook al nie. Ons ken slegs Afrikaners. As Boereseuns en Boeredogters is ons almal kamerade. Ons weier dan ook beslis om ons mede-Afrikaners slegs te maak of te belaster.**

Verder ken ons as Boerejeug één land, ons vaderland Suid-Afrika. Daarom wil en gaan ons hierdie land van ons dien. Ons moet ons grond beskerm en bewaar sodat dit altyd vir ons volk 'n tuiste kan wees. Dit is dan ook die strewe van die Boerejeug om waar moontlik landsdiens te verrig.

**Die Jeugleier het in hierdie verband bekend gemaak dat met die K.G. en Grootraad onderhandel word om Amajoeba vir die Boerejeug afgestaan te kry. Hier sal die jeug die geleentheid hê om landsdiens te verrig, en om ook die gashere van die „groot" O.B. te wees met sametrekkings aldaar.**

„Die ideale van die Boerejeug word in die O.B.-leuse uitgedruk. Ons wil staan in diens van ons God, ons Volk, en ons Land, Suid-Afrika. Ons ideale is **diens"**, het genl. Van Rooy onder toejuiging afgesluit.

### VERWELKOMING

Die Jeugleier is met sy aankoms op die terrein verwelkom deur die in gelid opgestelde parade wat hom „Die Lied van Jong Suid-Afrika" toegesing het. 'n Welkomswoord is gerig deur hoofkomdt. P. J. P. van den Berg, Jeughoofkommandant vir Gebied E (Witwatersrand). Komdt. Henning het die Jeugleier 'n adres aangebied en ook 'n geskenk namens die Primrose-afdeling van die Boerejeug. Dit was 'n geraamde O.B.-wapen gemaak deur 'n 14-jarige dogtertjie. Hfkomdt. M. M. Smith, Jeughoofkommandant vir Gebied F (Noord-Transvaal), het genl. Van Rooy bedank vir sy oorkoms en sy boodskap. Hfkomdt. A. P. van Heerden, stafhoof van die Boerejeug, het die Jeugleier vergesel.

Met sononder is die vlag voor die verhoog plegtig gestryk, waarna hoofkomdt. Smith die aandgodsdiens gelei het.

Die aand het gebiedshoofgenl. Louis Botha ook 'n boodskap tot die Boerejeug gerig. Hy het daarop gewys dat net soos die skool die sleutel tot bekwaamheid vir die lewenstaak is, is die Boerejeug van die Volksbeweging die sleutel tot offervaardigheid in die volkslewe. En net so min as die een kind vir 'n ander bekwaamheid en kennis kan opdoen, net so min kan ons verwag dat ander vir ons die nodige pligsbesef en offervaardigheid moet opdoen. Elkeen van ons moet self ons plek volstaan. **Ons dade van vandag sal ons diensbaarheid vir die toekoms bewys.**

„Kinders, wys vir ons hoe georganiseer en hoe gewerk moet word in diens van ons volk. Kom, ons trek saam," was oom Louis se wekroep.

Die verrigtinge is afgesluit met 'n kampkonsert wat deur die Boerejeug gereël is.

## MEMEL SAMEL £300 IN

Die Vroue- en Mans-kommando van Memel het buitengewoon goed gepresteer met Ossewabrandwagdag. Aangesien dit oor die naweek van 8 Augustus nagmaal was, is die funksie eers 'n week later gehou. Die plaaslike predikant het die verrigtinge met skriflesing en gebed geopen. Die opkoms was bo verwagting goed ondanks 'n heersende griep in daardie omgewing, en die skitterende bedrag van £300 is ingesamel. Daar is gesluit met die sing van die Volkslied en drie uitroepe van hou koers.—(Meegedeel.)

## NELSPRUIT

Nelspruit se mans- en vrouekommando's het gesamentlik die mooi bedrag van £105 ingesamel op Ossewabrandwagdag. Daar het 'n pragtige gees geheers van samewerking en bereidwilligheid tot diens.—(Meegedeel.)

## GEESDRIF IN BOSHOF

Boshof se Ossewabrandwag het in die jongste tyd ook groot vooruitgang geopenbaar. Die mooi bedrag van £50 is met O.B.-dag ingesamel waarby nog moet kom twaalf skape wat later per openbare veiling verkoop sal word. Aan geesdrif en dissipline ontbreek dit die kommando nie, soos bewys word deur die ywer van een van die bejaarde lede, brandwag Buitendag. **Hy het 28 myl per fiets gery om die funksie by te woon en sy lys met £4-9-6 te oorhandig wat hy ook per fiets ingevorder het.—(Meegedeel.)**


SPESIALE AANBOD,

LAAT BESENDING AANTREKLIKE

„Jarmode"- en „Gero"-BAADJIEPAKKE en JASSE

Teen egte verminderde Pryse

By

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE

L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.

116 Takke 44,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**

**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**

**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE,**
**Posbus 660, — Johannesburg.**

Ons voorrade van Vrugtebome en Rose was vroeg uitgeput die afgelope Plant-seisoen, ons simpatiseer met die van ons klante wie se benodighede ons nie kon voorsien en gee u die goeie raad om nou u bestelling te plaas vir 1944 Winterplantseisoen, u is dan seker van u geliefkoosde soorte super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid!
Sierstruike, Uitlandse bome, Palms en Heiningplante beskikbaar vir Somer-Planting.
Geillustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters.

SIGARETPAPIER.

SERTIFIKATE VIR SUIWERHEID EN KWALITEIT.

Sekere gerugte het die omloop gedoen te dien effekte dat die papier wat by die vervaardiging van sigarette in Suid-Afrika gebruik geword van 'n minderwaardige kwaliteit en skadelik vir die gesondheid van die roker is.

Die fabrikante van die ondergenoemde soorte sigarette sertifiseer hiermee dat alle sigaretpapier wat deur hulle gebruik word in die volgende Britse en Amerikaanse papierfabrieke vervaardig word, elkeen waarvan die publikasie van die volgende verklarings namens hulle magtig :—

„Die Koninklike Instituut van Volksgesondheid en Higiëne het Sertifikate van Suiwerheid, Nommers 6384, 6385 en 6386 aan ons toegeken vir die sigaretpapier wat ons aan u verskaf."

Cromptons (Stubbins) Ltd., Stubbins-papierfabriek, Ramsbottom, ENGELAND.

Brittains Ltd. Cheddleton-papierfabrieke, Staffordshire, ENGELAND.

Robert Fletcher en Seun Bpk., Kearsley-papierfabriek, Stoneclough, ENGELAND.

„Ons sertifiseer dat ons sigaretpapier van suiwer vlasvesel wat in Amerika gekweek word, vervaardig word en eersteklas, onskadelike materiaal bevat."

Smith Paper Inc. Lee, Massachusetts, AMERIKA.

Hierdie gemagtigde verklarings sal rokers tevrede stel dat INGEVOERDE sigaretpapier slegs van die suiwerste kwaliteit gebruik word by die vervaardiging van elkeen van die volgende soorte en dat hulle sonder enige moontlike skadelike uitwerking op die gesondheid gerook kan word :—

| C TO C | SPRINGBOK | |
|---|---|---|
| Admiral | Hartleys | Pinhead |
| Big Ben | Lotus | Polly's No. 1 |
| Kommando | Loyalist | Rhodian |
| Diploma | Main Line | Saladin |
| Fearless | Mimosa | Scots |
| Flag | Myrtle Grove | Tricolor |
| Glacier | Needlepoint | Viceroy |
| Gold Leaf H/Dew | Officers' Mess | Westminster |
| | Oriac | |

*Hoofartikelblad Advertensies*

Aankondigings van O.B.-funksies word in hierdie kolom opgeneem teen 10/- per duim.

O.B.-MUSIEKBUNDEL.

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel ! !

Elke Brandwag behoort die O.B.-MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die ,,Ossewabrandwaglied'' moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede ! !

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met passende woorde vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig

*Prys 2/6 Posvry.*

3/6 insluitende 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

Bestel nou by:—

Publicité
Handelsreklamediens
(Edms.) Bpk.
Posbus 4892,
JOHANNESBURG.

WINBURG O.B.-KOMMANDO
vier
HELDEGEDENKDAG
SATERDAG, 9 OKTOBER
op die Sportterrein.

Spreker:
*Dr. P. J. MEYER*
2-uur n.m.
ALMAL HARTLIK WELKOM.
Verversings word verskaf ten bate van die
O.B. NOODHULPFONDS.
Bring u O.B.-Musiekbundel.

DIE KAAPSTADSE
*REMSKOEN-TONEEL-VERENIGING*
stel voor
PIET SE TANTE



*O, Mevrou ! ! !*
SATERDAG, 9 OKTOBER,
om 7.45 n.m. stiptelik in die
HOFMEYRSAAL
Pryse: 2/6, 1/10
(belasting ingesluit).
*Plekbespreking:*
Kamer 604/5 Groote Kerkgebou.
*KOM SEKER !*
*U sal in tyd wees vir die laaste Bus.*




# 'n Saak vir die Volk

Weens die beroering wat daar op die oomblik oor die taalvraagstuk bestaan is dit nodig dat ons duidelikheid kry waaroor die stryd nou eintlik gaan.

Ons moet onderskei tussen die daadwerklike stryd wat op die oomblik in die Vrystaat heers in verband met die U.K.O.V.S. en die verkiesingstwis tussen die politieke partye.

In die Vrystaat is 'n aanslag van Empire-kant op die Afrikaner se regte gemaak. Sy enigste universiteit is die Afrikaner in daardie provinsie ontneem. **Die reaksie op hierdie Empire-daad het gelukkig 'n volksafmeting aangeneem. Afrikaanse liggame met die daadkragtige samewerking van die Kerk het met die enigste antwoord gekom wat die imperialis ooit sal verstaan: die donderende daad.** En ons twyfel vir geen oomblik nie dat hierdie antwoord die gewenste uitwerking gaan hê. **As daar een ding is wat die Empire vrees, is dit die saamstaan van 'n onderdrukte volk.** Vandaar die ou taktiek van die imperialis om te verdeel waar hy wil heers. Dit is so hier, dit is so in Indië en dit is so in elke land waar die imperialis sy heerskappy gevestig het. Dit is daarom van die uiterste belang vir die Afrikaner om 'n stryd van hierdie aard nie tot 'n partytwis te laat verval nie, want daardeur word volksgenote gedwing om stelling in te neem vir die eie party teen die tradisionele teenparty.

Dit is maklik om te sê dat sulke volksgenote dan nie goeie Afrikaners is nie, **maar in 'n stelsel waar daar nie meer sprake van volksgenote is nie, maar net van partygenote, het volkstrou ook plek gemaak vir partytrou.** Die party word hoër gestel as die volk — die mense is trouens ook in daardie gedagtegang opgevoed. Ons hoef nie daaroor te teoretiseer nie, die praktyk spreek daar luid van. Dit is 'n feit dat die Transvaalse Sappe van 1916 meer republikeins was as die Kaaplandse Nasionaliste van daardie tyd. Maar toe die Nasionale Party kort daarna die republikeinse strewe as een van die ,,planke'' tot sy program toegevoeg het, het republikeinse Sappe verskonings gaan soek — en aangeneem — ten einde die nie-republikeinse standpunt van hul party te verdedig, en later het baie van hulle heeltemal afstand gedoen van hul republikeinse oortuiging. Dieselfde verskynsel vind ons in die latere politieke verwikkelings. **Mense wat vandag bereid is om deur die vuur te stap vir 'n republiek het vyf jaar gelede gespot met die republiek toe die party waaraan hulle behoort het se amptelike beleid republikanisme verwerp het.** Dit kan ook nie anders nie, want in 'n stelsel waar volkstrou deur partytrou vervang is, staan die versaking van jou party gelyk aan volksverraad. Dit is dan ook maar 'n uiters geringe persentasie partylede wat ooit van die een na die ander party oorloop. **Die deurslag by 'n verkiesing word gewoonlik gegee deur die sogenaamde vlottende stem, d.w.s. daardie kiesersmassa wat aan geen party behoort nie, maar vir die party stem wat die beste vooruitsigte vir hulle voorhou.**

Gelukkig kan ons dan ook konstateer dat die stryd in die Vrystaat niks met die partypolitiek te doen het nie. Die Kerk staan in die middel van die protesbeweging — wat inderdaad reeds meer as blote protes geword het. Die hoop bestaan dan ook dat dit sal uitloop op die stigting van 'n Christelike Afrikaanse universiteit wat meer sal wees as die blote Afrikaanse universiteit van voorheen, wat ondanks sy taalmedium tog maar neutraal van gees moes wees.

Heeltemal los van hierdie stryd staan die verkiesingslawaai in verband met moedertaalmedium in ons skole. Dit het voorgekom of die saak ná die ingryping van die Kerk uit die partypolitiek gehou sou word, maar dit blyk 'n onmoontlikheid te wees vir die partypolitiek om hom te onthou aan muntslanery uit enige saak wat die belangstelling van 'n deel van die kiesers geniet. Wat egter wel deur die kerklike afvaardiging bereik is, is dat die verkiesingslawaai klaarblyklik nie in dade omgesit sal word nie.

Nadat genl. Smuts die versekering aan die Kerk gegee het dat hy nie die karakter van die Afrikaanse skool sal verander nie, is van Empire-kant toegegee dat enkelmedium 'n saak is wat nie in een nag verander sal word nie. Dit sal glo nog eers deur opleiding en opvoeding voorafgegaan word.

Sover dit die partypolitiek betref, word daar dus nou geveg oor 'n ,,beginsel'' of ,,plank'' van akademiese betekenis — net soos die republiek ook 'n akademiese saak vir die partypolitiek is waarvoor die openbare mening eers ,,ryp'' gemaak moet word. **Maar al sou die Empire voornemens wees om met behulp van die verkiesing sy doel te bereik, watter kans het ons om dit langs daardie weg te voorkom? Dit is die Empire se gereedskap! — soos die uitslag van die parlementêre verkiesing bewys het. In Kaapland b.v. kan die H.N.P. nie die oorwinning behaal nie al wen hy al 24 setels wat hy betwis.**

Nee, ons volk het net een antwoord op die Empire se aanslae. Daardie antwoord is **die volksverset buite die partypolitiek met 'n donderende daad — 'n verset waaraan ELKE Afrikaner moet en kan deelneem onder leiding van daardie liggame wie se invloed buite die enge grense van die partypolitiek strek.**

Alle politieke berigte en kommentaar, tensy waar anders vermeld, is opgestel deur N. G. S. v. d. Walt, Groote Kerkgebou, 703, Kaapstad.

# DIE GEBEURE IN ITALIË

Op 8 September is die wêreld in beroering gebring toe bekend gemaak is dat die Badoglio-regering onvoorwaardelik aan die Geallieerdes oorgegee het. Vandag weet ons dat Badoglio reeds in Augustus met die Britte oor 'n wapenstilstand onderhandel het. Elkeen weet ook dat die Badoglio-regering al hierdie dinge gedoen het sonder om sy bondgenote daarvan in kennis te stel. Wat meer is, die bekendmaking van die wapenstilstand op 9 September het eers geskied na ook Amerikaanse troepe in die golf van Salerno ten suide van Napels geland het, en volgens die ooreenkoms sou Italiaanse strydmagte selfs teen die vroeëre bontgenoot gebruik moes word.

Voor die wêreld geleentheid gehad het om die betekenis van die Badoglio-kapitulasie goed te begryp, is hy andermaal verras deur die blitsvinnige antwoord van die Duitsers. Volgens Reuter is binne enkele ure en dae die Italiaanse strydmagte in Frankryk, Italië en die Balkan ontwapen, die belangrikste Italiaanse stede, insluitende Rome, deur Duitse troepe beset. Die Badoglio-regering en die koning het uit Rome gevlug en is derhalwe nie in staat om die bepalings van die Wapenstilstandsverdrag uit te voer nie. Die Duitsers se optrede in Italië bewys dat hulle reeds lang presies moes geweet het wat om van die Badoglio-regering te verwag. As hulle egter 'n uur voor die bekendmaking van die wapenstilstand toegeslaan het, sou hulle in die kamp van hul vyande as verraderlike bondgenote uitgekryt gewees het. Die Duitsers moes dus handel volgens die beeldspraak van president Kruger tydens die Jameson-inval, d.w.s. hulle moes wag tot die skilpad eers sy kop uitgesteek het. Sake in Italië het na die bekendmaking van die Badoglio-kapitulasie vir die Geallieerdes nie heeltemal volgens plan verloop nie.

### Die Bevryding van Mussolini

Die derde sensasiewekkende gebeurtenis van die afgelope week is die bevryding van Mussolini deur Duitse troepe. Vir die Duitsers is dit 'n sukses wat nie onderskat mag word nie. Dit is bekend dat Mussolini tydens sy langdurige bewind nooit volmag geniet het nie al het hy die titel van diktator gedra. In die Vatikaan, in die kroon en in die hoogste offisierskorps van leër en vloot het hy altyd gedugte teenstanders gehad, teenstanders wat maar altyd op die loer was na 'n geskikte geleentheid om hom uit sy magsposisie te lig. Op 25 Julie het hierdie geleentheid gekom toe Mussolini van die politieke toneel verwyder is. Vandag is die Duce weer vry terwyl dit sy politieke vyande is wat van die Italiaanse toneel verwyder is. Vandag is dit Duitse soldate wat die Vatikaan ,,beskerm''. Die onmiddellike waarde van Mussolini se bevryding bestaan daarin dat hy orde en dissipline in Italië sal kan herstel, die Duitse verbindingslinies van die noorde na die suide sal kan beveilig en die Duitse leërs, wat in die suide teen die Geallieerdes optree, sal kan bevry van die vrees om ,,gebadoglio'' te word.

### Enige Gevolgtrekkings

Hoewel ons vandag nog te dig aan die jongste gebeure in Italië staan om hulle in die juiste perspektief raak te sien, is dit tog moontlik om 'n paar gevolgtrekkings te waag. Die Badoglio-kapitulasie het heelwat lig op Italiaanse toestande gewerp. Dit is duidelik dat die rewolusionêre fascistiese ideologie van Mussolini gedugte teenstanders in die behoudingsgesinde elemente gehad het. Daar is min westerse lande wat so tradisie-vas is as Italië met sy Roomse kerk, sy adel, sy kunsskatte en ruïnes uit vervloë eeue. Toe Italië in 1940 oorlogvoerend geword het, was daar reeds van die begin magtige elemente wat daarop uit was om Mussolini se oorlogspoging te ,,badoglio''. Die roemlose Italiaanse veldtogte in Griekeland en in Noord-Afrika, die Italiaanse vloot wat sonder uitsondering deur sy afwesigheid geskitter het, dit alles word deur die jongste gebeurtenisse in Italië vir ons verduidelik. Die sluier oor veel wat vir baie mense onduidelik was, is dus opgelig.

Ook nou reeds kan die gevolgtrekking gemaak word dat die Badoglio-kapitulasie nie volgens plan verloop het nie. Italië is nie uit die oorlog nie maar het nou eers 'n slagveld geword. Maklike Brits-Amerikaanse landings soos in Sicilië en Suid-Italië —maklik omdat die Italiaanse offisierskorps nie wou veg nie — sal in die toekoms moeiliker wees soos die slag by Salerno reeds bewys. Amfibiese ondernemings teen 'n gedetermineerde vyand is geen gemaklike taak nie. Dit weet die Angel-Saksers baie goed. Vandaar die landings in die verafgeleë lande in die Middellandse See en nie in die naby-geleë Noord-Wes-Europa nie.

Die Badoglio-kapitulasie het nietemin groot waarde vir die Geallieerdes. Die proefneming was die moeite werd al was dit maar net omdat die Italiaanse oorlogsvloot opgehou het om 'n potensiële hindernis te wees. Hierdie vloot wat so lank weggekruip het, is vandag in besit van die Geallieerdes wat nou in staat is om kragdadiger teen die Japanners op te tree. In die Middellandse See het die Geallieerdes se moeilikhede baie onaansienlik geword. Sal dit ook dieselfde op die Italiaanse vasteland wees?


Ondersteun Ons Adverteerders!

MARKAGENTE

Ons is U agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en versekerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!

Eiers, Pluimvee,
Groente, Vrugte,
Voer en Vee.

Volkskopermark
BPK.
MÔREMARK, NEWTOWN,
Foon 34-1442, Wolhuterstr. 62,
JOHANNESBURG.

# Afrikanerwerker Op Die Kruispad

## Keuse Tussen Kommunistiese „Arbeidsfront" of O.B.-Arbeidslaer

**Hieronder word die keuse uiteengesit waarvoor die werkers van Suid-Afrika vandag te staan gekom het. Aan die een kant die internasionale kommunisme — kaal en nakend met sy klasseslawerny. Aan die ander kant die nasionale en sosiale gesagstaat — met sy klasselose arbeidslaer. Daar is geen middeweg nie.**

**'n Keuse van hierdie aard word nooit met basuingeskal voor elkeen persoonlik gelê nie. Diegene wat ore het om te hoor en oë het om te sien — hulle kies. Diegene wat blind en doof is moet hul eenvoudig onderwerp aan 'n ander man se keuse. Onthou dit.**

**Geen Afrikanerwerker kan bekostig om in hierdie tye blind en doof te wees nie. Hy moet kies en hy moet reg kies.**

## KOMMUNISTE WIL 'N WIT-SWART „ARBEIDSFRONT"

Die Kommunistiese Party, aanvoerder van die linkse groepe in ons land, spits sy bedrywighede in die jongste tye toe op die stigting van 'n internasionale „Arbeidsfront" vir klasseknegskap. Die propaganda vir hierdie sogenaamde Arbeidsfront geskied in navolging van die bekende kommunistiese resep:

### HEIL DIE CHAOS

In elke land waar Moskou 'n Kommunistiese rewolusie wil bewerkstellig, word as eerste stap 'n linkse Populêre Front gestig om die chaos te bewerkstellig en tot breekpunt-toe te voer. So word 'n welige teelaarde vir Kommunistiese propaganda voorberei. Uit hierdie chaos moet die kommunistiese staat met die arbeider as slaaf, ontpop.

### TOTALE WANORDELIKHEID

Die idee van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika is om die Arbeidersparty en saam met hom die Vakuniebeweging by hierdie Populêre Front of „Arbeidsfront" in te skakel. Die kommuniste self sal dan van hulle kant af die naturel en die ander nie-blankes by die front insleep. Met hierdie materiaal, blank en nie-blank, tot hulle beskikking hoop die kommuniste om die chaos wat reeds onder die kapitalistiese Regering so 'n geweldige omvang aangeneem het, verder te vergroot totdat dit eindelik in algehele wanordelikheid oorgaan.

### UITLANDSE HEERSERS

Van hierdie wanordelikheid hoop die kommuniste om gebruik te maak — met behulp van die moederland, Rusland, wat teen daardie tyd hopelik al die oorlog sal gewen het — om die Kommunistiese Swart Republiek in Suid-Afrika te stig, met die huidige uitlandse leiers van die Kommunistiese Party as vermoedelik die heersers daarvan.

### WIT EN SWART EINDELIK SAAM

Dit is in breë trekke die Kommunistiese Plan. Die Kommunistiese Party kan hierdie plan uitvoer alleen met behulp van die blanke werkers. Dusver het die party nog net daarin geslaag om 'n gedeelte van die naturelle en kleurlinge om hom saam te trek. **Ten einde die blanke werker vir sy onheilige doel te gebruik kom hy nou met hierdie flinke gedagte van 'n omvattende „Arbeidsfront" wat staatskapitalisme in die plek van privaat-kapitalisme wil stel.**

### DIT KOM VAN BO AF

Omdat die doel polities is en nie in die eerste instansie die welvaart van die arbeider beoog nie, is hierdie sogenaamde „Arbeidsfront" iets wat nie op natuurlike wyse uit die arbeidsgeledere self spruit nie, maar wat van bo af op hom afgedwing word. **Dit wil weer die werker gebruik vir 'n selfsugtige doel en daardie doel is nie die heil van die werker nie, maar wel van die Kommunistiese Wêreldrewolusie, met die arbeider in ons land as slaaf van 'n Swart-Republiek.**

### DIT MOET BY DIE WERKER BEGIN

Dit sal die werker niks baat om hom te laat gebruik vir watter doel ook al nie. Hy is al te veel gebruik. Dit word tyd dat hy homself gebruik om homself te red. **Die werkers is 'n groep mense wat in werklikheid in die volkslewe bestaan en die kern van die volk vorm. As sodanig moet hulle hul regmatige plek in die volk se lewe en in sy regering inneem. Maar dan moet hulle hulself organiseer om hul eie sake in belang van almal self te behartig.**

### WAT OM TE DOEN

Dit staan die werkers vandag te doen om mekaar te vind; om bymekaar te staan; om sonder enige bybedoelings georganiseerd bymekaar te staan; om as georganiseerde eenheid hulle regmatige plek in te neem, nie net in die volkslewe nie, maar ook in die volksbestuur.

Die werkers wil en moet 'n verenigde front vorm. Maar dan moet dit uit hul self kom en nie met bybedoelings van bo af op hulle afgedwing word nie. Die werkers moes lankal 'n verenigde front gehad het. Maar dan moet dit 'n front van blanke werkers wees en moet dit geensins ook die kaffer en die kleurling op gelyke voet insluit nie. (In sy gesegregeerde gebiede kan die naturel en die kleurling sy eie arbeidsfront hê.)

**Die werkers sal veel baat by 'n verenigde front vind, maar dan moet dit nasionaal in eie belang, en nie kommunisties in belang van uitlanders wees nie.**

### HOE OM DIT TE DOEN

**Die Ossewabrandwag — die Afrikaner se Volksbeweging — bied aan die werkers die geleentheid om hulself binne die volksverband te organiseer ten einde hul regmatige plek in die volk se lewe en in die regering van die land in te neem.**

Binne die kommando's van die Ossewabrandwag staan die Afrikaner magtig verenig. Hier word die hele volk — afgesien van sy funksie of bedryf — tot 'n gedissiplineerde nasionale kragteenheid saamgevoeg.

Maar dan is dit ook die taak van die Ossewabrandwag om die volk volgens sy arbeid saam te snoer. **Dit is die eerste taak van hierdie arbeidsorganisasie, as samestellende deel van die groot volksorganisasie, om brandwag te staan oor die sosiale welsyn van die arbeidende volksdele.**

### PARTYPOLITIEK HET MISLUK

Die Afrikanervolk, sonder die Afrikanerwerker, is niks en sal ook nooit iets wees nie. Dit het die partypolitieke geskiedenis van ons land oor en oor bewys. **Maar dit is net so waar dat die Afrikanerwerker sonder die Afrikanervolk niks is nie en ook nooit iets sal wees nie. Dit word elke dag bewys deur die armsalige lot van die miskende werker.**

En dis juis hier waar die partypolitiek die werker in die steek gelaat het. **Die politieke party het nog nooit die werker aangeskakel by sy volk nie. Net elke vyf jaar het hy hom om sy stem kom vra en origens maar oorgelaat aan die genade en die maniwales van 'n doodgaande ou Arbeiderspartytjie, kommunistiese kafferboeties en 'n innerlik-verdeelde vakuniebeweging.**

### DIE O.B.-ARBEIDSLAER

Maar nou kom die O.B. en bied aan die werker vir die eerste keer die kans om, as deel van sy volk, sy eie omvattende landswye organisasie in die lewe te roep. Binne die O.B.-Arbeidslaer kan die Afrikanerwerker homself as magsfaktor laat geld.

Die Volksorganisasie — die Ossewabrandwag — is die magswapen van die Afrikanervolk. Die bedryf-organisasie — die O.B.-Arbeidslaer — is op sy beurt weer die magswapen van die Afrikanerwerker.

Binne die O.B. is die Afrikanerwerker reeds tot 'n daadkragtige nasionale eenheidsgemeenskap saamgebind. Met die O.B.-Arbeidslaer word hulle tans tot 'n daadkragtige sosiale gemeenskap saamgebind.

Die Ossewabrandwag is nie net nasionaal nie, maar ook sosiaal. En hier — met hierdie Arbeidslaer — word die sosiale aspek van die O.B. se gesagstaat organisatories vasgelê en uitgebou. **Hier kry sosiale regverdigheid vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika 'n prakties grondslag. Vir die eerste keer kry die werker 'n kans om homself te red. Vir die eerste keer geniet die werker die daadwerklike steun van die hele gedissiplineerde volk.**

As u meer wil weet van die Arbeidsorganisasie van die O.B. skryf aan: Die Arbeidstafhoof, Posbus 8262, Johannesburg.

'n Omvattende pamflet word intussen voorberei.

## OP DIE SPOOR VAN DIE OSSEWA VYF JAAR GELEDE



Na die drukkende hitte van die dag wat op 'n stortbui uitgeloop het, het die Trek Pearston bereik waar honderde Afrikaners na die feesredenaar, mnr. Dirk Mostert, geluister het. „Daar is dieptes in die siel van ons nasie wat nooit so geroer is as wat dit geroer word deur die boodskap wat hierdie ossewa op die pad van Suid-Afrika aan ons ombring nie," het hy gesê. „Ek kan verder gaan en uit die grond van my oortuiging verklaar dat ons as nasie nog nooit gedurende die 286 jaar van ons bestaan so ryp en vatbaar was vir 'n algehele innerlike ommekeer en verandering van wending as wat ons vandag is nie." Die Ossewabrandwag is vandag besig om daardie verandering teweeg te bring.

## O.B.-VROUE KOLLEKTEER VIR KLEIN-KAROO

Die Vroue-kommando van Malmesbury het op 3 September 'n straatkollekte gehou ten behoewe van die deur droogte geteisterde Afrikaners in die Klein-Karoo. Dit het die pragtige bedrag van £81 opgelewer en die tjek is aan die predikant oorhandig om aan die Armesorgkommissie gestuur te word.

## STRYDBYL BEGRAWE

Die studente-kommando van die Ossewabrandwag en junior H.N.P.-tak aan die Universiteit Stellenbosch het, volgens berig in Die Matie, ooreengekom om sonder prysgewing van hul identiteit die strydbyl te begrawe en voortaan as Afrikaners saam te werk waar samewerking nodig is.


**SASBANK**

*Verrig Volksdiens !*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

**RAADPLEEG SASBANK**

**PAARL:— Posbus 266.**

**WORCESTER:— Posbus 57.**

**KAAPSTAD:— Posbus 2387.**

**W. VOIGT BPK., HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings Masjinerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**

'N

**GULDE GELEENTHEID**

**IN DIE VOLLE SIN VAN DIE WOORD**

Beleggings moet veilig en winsgewend wees, belê daarom u geld in 'n bewese winsgewende besigheid met ses groot takwinkels en twee fabrieke wat almal 'n vaste en groot omset het. Excelsior Meubels het reeds in sy eerste jaar 8% dividend op beleggings betaal, dit verskaf werk aan 80 blankes wat jaarliks £25,000 verdien terwyl die jaarlikse gesamentlike omset van die takke en fabrieke reeds £200,000 beloop.

U gaan ook deelneem in die opbou van hierdie grootste Afrikaanse saak! 'n Prag-brosjure word tot u beskikking gestel wat bewyse lewer van die sukses van

**EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.**

Die Sekretaris Posbus 6670.
EXCELSIOR MEUBELS BEPERK. JOHANNESBURG.

Stuur u prag-brosjure asseblief aan

M .........................................................................

.........................................................................

## Geklassifiseerde Advertensies

Tarief vir Geklassifiseerde Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël, minimum 4/- per plasing, streng vooruitbetaalbaar. Advertensies kan gestuur word aan Voorslag Bpk., Posbus 1411, Kaapstad óf Publicité Bpk., Posbus 4892, Johannesburg.

### GEBOORTE

VAN RENSBURG. — Aan Nellie en Stephen van Woodstock 'n fris seun op 10 Sept. Albei wel.

BASSON. — Aan Korporale en mnr. M. Basson, Groote Schuur Kommando, 'n fris dogter op 16 September. Albei wel. Dank aan die goeie Gewer.

RETIEF. — Aan mnr. en mev. J. Retief, Morceaux, Ceres, 'n fris O.B.-dogter, op 19 Sept. Naas die Heer dank aan dokter en verpleegsters.

### DOODBERIG

ROCHER. — Sag ontslaap in sy Heer op 15 Sept. 1943, mnr. J. J. Rocher van Rietfontein, Dist. Piketberg in die ouderdom van 58 jaar.

### BETREKKING GEVRA

GETROUDE man 49 jaar oud, klein familie, met 12 jaar ondervinding as boekhouer in plattelandse algemene besigheid, het ook deeglik kennis as blokman en slagter. Goeie getuigskrifte. Kan dadelik begin. Meld salaris. Antwoord: **Adverteerder, Posbus 1411, Kaapstad.**

### TE KOOP

SKAAPHONDE. — Reun en teef, swart, 3 maande oud teen 25/- stuk. Baie goed geteel. Groot teef, een oog onbruikbaar, uitstekende werker. Navrae: **N. J. Snyman, Sploenkop, Koffiefontein.**

PATATRANKE. — Eersteklas Sesmaande 5/6 per 80 pond sak; Rooi en Wit driemaande 5/6 per 50 pond sak. **G. S. Terblanche, Pos Gonnakraal, Mosselbaai.**

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

LOOGAS teen 8/- per 100 lbs., gelewer Plathuis-spoorhalte. K.M.B. **A. H. de Vries, Warmwatersberg, Barrydale.**

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

PATATRANKE van die beste gehalte. Sesmaande ranke teen 5/- vir 85 pond. Witranke, Driemaande teen 4/6 vir 45 pond. **K.M.B. S. P. Gerber, P/S. Serpentine, Dist. George.**

ROOIGROND patatranke. Sesmaande ranke 5/6 vir 85 pond; Driemaande 5/- vir 45 pond; Borrie-patatranke 5/- vir 45 pond. Kontant met bestelling. Tevredenheid gewaarborg. **B. H. Gerber, Olifantshoek, P.K. Hoekwil, Dist. George.**

AARTAPPELMOERE. — Bied aan Arranchief-moere met A-sertifikaat teen 25/- per sak. Ook ongesertifiseerde moere, maar goed, 20/- per sak 153 pond V.O.S. Georgestasie. Kontant met bestelling. Doen aansoek by **H. D. Metelerkamp, Groothoek, Posbus 47, George.**

DAG-OUD Australorps, Leghorns; Ook die kruis tussen 'n Australorp haan en 'n Leghorn hen. Uitgebroei deur die (Kampioen) 8,000 Secura-broeimasjien. Vanaf 21ste September teen £5 per 100. K.B.A. Skryf aan **H. R. Malan, Weltevrede, P.K. Kerstfontein, Paarl. Telefoneer 6203.**

DIE Rosserwe Melkery en Slagtery, High straat 143 en 107, Brixton, vir melk en vleis van die beste gehalte. **Ons besigheid is 100% Afrikaans.**

PATATRANKE. — Eersteklas sesmaande droë grond patatranke teen 5/- vir 85 pond. Patats teen 12/- per sak. Gelewer op Mosselbaaistasie. K.M.B. **Johannes Terblanche, Bus 75, Mosselbaai.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.**

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

LEMOENE. — Valencia-lemoene, lemmetjies en Pomelos (grape fruit) 2/6 per sakkie hier, vir nie minder as 5 sakkies. K.M.B. **H. S. Visser, Elandsfontein, Clanwilliam.**

### HOEDE

BRING of stuur u ou hoede vir enige soort herstelwerk aan **Mev. Verster, Aliwalstraat 20, (Gordon Frasergebou) Bloemfontein.** Goeie werk en billike pryse.

# Dr. Salazar Sê Nuwe Idee Sal Wen Ongeag Uitslag van die Oorlog

Interessante beskouings en menings oor die na-oorlogse wêreld word vervat in die toespraak wat die Portugese premier, dr. Oliveira Salazar, gelewer het by geleentheid van die viering van die vyftiende verjaardag van sy bewind. Die Vaderland bevat 'n opsomming van sy volledige toespraak wat tans per pos ontvang is.

Nadat hy breedvoerig uitgewei het oor die rewolusie in Portugal en binnelandse aangeleenthede van die land, het dr. Salazar verklaar **dat die lewe van die toekoms in baie opsigte nie bepaal sal word deur wie die oorlog wen nie. Die beskawing sal gehandhaaf word deur idees wat reeds oral opleef, te midde en ten spyte van die botsing en wat reeds hulle eie atmosfeer skep in elke land van Europa en Amerika en met reaksies in Afrika.** (Vergelyk in verband hiermee die uitsprake van Die O.B.)

Die prosedure wat gevolg sal word, en miskien ook sommige van die oplossings, sal afhang van wie die oorwinnaars is en hoe sterk hul magte aan die einde van die oorlog sal wees. Daarom miskien, en omdat dit skyn asof die oorlog 'n lang oorlog gaan wees, het nie een van die twee kante nog verder gegaan as om vae verklarings te doen nie. Dit is dus nie moontlik om hul planne te bespreek nie. ,,Wat my betref, vrees ek, miskien ongeregverdigd, drie neigings in die skema om die wêreld reg te ruk—die begeerte om 'n ideale toestand te skep wat die strewe onwesenlik en denkbeeldig maak; die groef van 'n gekollektiviseerde lewe in die oorlog en die oorheersing van ekonomiese oorwegings, en die onderwerping van alle oplossings aan ekonomiese noodsaaklikhede wat die beskawing die aantreklikhede wat die mens dit gegee het sal laat verloor en 'n rewolusie in die wêreld sal veroorsaak sonder om vrede te bring.

Watter vorm hierdie planne ook mag aanneem, het hy verklaar, dit sal moet rus op twee grondprobleme—orde en samewerking tussen die volke.

,,Met die uitsondering van Kommunisme wat sal voortgaan om 'n faktor van wanorde te wees, sal die onmiddellike oogmerk van almal wees om te sien dat orde gehandhaaf word en herstel word waar dit vernietig is. Die vraagstuk is soveel groter en ernstiger ten gevolge van die haat, die nasleep van geweld, armoede en ander nalatenskappe van die oorlog en geen gesonde loop van gebeurtenisse mag ingryp in die binnelandse organisasie van enige staat wat op sigself 'n waarborg van orde is nie.

### Grootste Probleem

**,,Die Kommunisme en dit alleen, is, na my mening die grootste menslike probleem van alle tye.** Ek bedoel dat dit 'n probleem is wat die grond-opvattings van die mensheid en van die persoonlike en maatskaplike lewe raak. Daarom beteken dit 'n doodsgevaarlike waagstuk vir die Westerse of Christelike beskawing.

**,,Dit is waarskynlik dat geen lewensopvatting sigself so volkomelik uitgeput het in die loop van 'n maatskaplike eksperiment nie. Nooit tevore, skyn dit, is die wetenskap, die tegniek en organisasie so in die plek gestel van daardie menslike en spontane inisiatief wat aan ander interpretasies van wat die lewe en die mens verteenwoordig smaaklike volheid en aantreklikheid gegee het nie. Dit is bewys dat sogenaamde stoflike vooruitgang—militêre mag, uitmuntende masjiene en nywerheidswerke—saam mag bestaan met die verlaging en vernietiging van die vrye wil. .Waar die staat en die masjien die mens absorbeer, is daar geen plek vir menslike vryheid nie.**

,,Dit is twyfelagtig of hierdie wesenlike gesigspunte van die saak ooit vergeet kan word—afgesien daarvan watter bondgenootskappe die oorlog mag noodsaak.''

Dr. Salazar het gevra wat die grondslag gaan wees van daardie noue samewerking tussen nasies wat iedereen nou beskou as noodsaaklik vir vrede en toekomstige geluk. ,,Die antwoord is vir ons van groot belang omdat bevind kan word dat ons ekonomiese en politieke nasionalisme buite die grense van daardie oorlogsreorganisasie lê,'' het hy gesê.

Omdat oorloë spruit uit geskille tussen lande en nou selfs hele vastelande insluit, is daar gevoel dat 'n vorm van organisasie nodig is wat oor hele vastelande sal strek en die wêreld sal insluit.

**Portugal ontken nie die onderlinge afhanklikheid van state nie en wil nie ontken dat internasionale organisasies geskille kan oplos nie. ,,Ek spreek egter my ernstige oortuiging uit dat die mens van die twintigste eeu nog nie in staat is om wêreldprobleme te sien of op te los anders as deur middel van nasionale, vrye en onafhanklike entiteite nie.**

,,Mense wie se verbeelding in vervoering is, gemakstoel-politici wat oorval is met abstrakte planne en wat weinig gemoeid is met die baie werklikhede wat bestaan in die lewe van volke, sal volhou met die mening dat iets beter moontlik is. **Nietemin sal verstandige mense toegee dat 'n nasionale grondslag nog die stewigste, die maklikste en veiligste is waarop volke kan saamwerk tot hul gemeenskaplike heil.**

,,Op hierdie wyse, net soos 'n sterk en gevestigde familielewe 'n sterk en saamgeweefde gemeenskap skep, sal die besliste sterk en onafhanklike gesag van 'n staat binne sy eie grense, saam met 'n geordende, stewige nasionale ekonomie ooreenkomste van internasionale belang vergemaklik, en meehelp om die onderneming en die uitvoering van wedersydse beloftes in 'n gemeenskap van volke uitvoerbaar te maak.''

### BENODIG

FLUKSE blanke dame om baba van 11 maande op te pas en klein huishouding waar te neem. Alleen verantwoordelike, betroubare en netjiese persone hoef applikasie te maak. Goeie huis vir geskikte persoon. Salaris £4 per maand. **Mev. S. Schultz, ,,Margate,'' Central Drive, Kampsbaai, Kaapstad.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU !*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

**Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,**

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6808.

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.

Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS !*

V.M.K. AANBEVEEL.

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

Belangrike Boeke

| | |
|---|---|
| **Vername Persone** uit die S.A. geskiedenis, deur Eric Stockenström .. .. .. .. | 6/6 p.v. |
| **Die Afrikaanse Vrou.** 'n Beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van S.A. gespeel het in die jare 1568-1918) deur Eric Stockenström .. .. | 8/6 p.v. |
| **Mietes en Sages** van die Grieke, baie mooi vertel deur Mev. P. van Braam | 6/6 p.v. |
| **Skandinawiese Vertellinge** .. | 4/6 p.v. |
| **Suid-Afrikaanse Soogdiere** deur dr. C. S. Grobbelaar | 6/6 p.v. |
| **Die Stem van die Volk.** Luimig, onderhoudend, leersaam, deur N. G. S. v. d. Walt .. .. .. .. .. .. .. .. | 1/6 p.v. |
| **Saam Verban,** deur Mev. M. J. van Straten .. .. .. | 5/6 p.v. |

Stuur u bestelling aan

PRO ECCLESIA-DRUKKERY

Die Laan — Stellenbosch

Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.



VAN RIEBEECK-TRUST

MAATSKAPPY. BEPERK

SECURITY GEBOU (GRONDVLOER)

REGOOR GARLICKS

KAAPSTAD



Opgerig kragtens Maatskappywet No. 46 van 1926.

DIREKTEURE :

Dr. J. D. M. Claassens (Voorsitter); dr. P. J. Botma; dr. J. H. Pienaar; mnre. M. J. H. Keet; J. J. Ackermann, en Van Aarde de Kock.

- GEDISSIPLINEERD STAAN VAN RIEBEECK-TRUST TOT U DIENS
- Voor u Eiendom koop of verkoop RAADPLEEG ONS EERS
- Ons verrig sake groot en klein

PLASE, HUISE, ERWE, WORD AANGEBIED

- Ook bedien ons u met die volgende:—
- Verkryging van lenings
- Verbande of persoonlike lenings
- U finansiële sake word deur deskundiges behartig

Vir verdere besonderhede, raadpleeg:

VAN RIEBEECK TRUSTMAATSKAPPY BEPERK

POSBUS 1527 SECURITY-GEBOU KAAPSTAD

VOORTREKKERWEG - - - - - - - BELLVILLE

MICHAUSTRAAT 11 - - - - - - - - - STRAND